

10 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:14-16, Johannes 1:1-14

Jy is 'n lig in 'n donker wêreld

'n Mens se identiteit bepaal wie jy is, maar dit bepaal ook jou taak. Jy moet immers wees en doen wat jy is. Dit kan nie anders nie. Dit is soos 'n stad op 'n berg wat nie weggesteek kan word nie. 'n Mens se probleem is dikwels dat jy met 'n identiteitskrisis of -verwarring sit: “My identiteit is dat ek 'n boer/sakeman/ambagsman is. Dit is hoekom ek op die aarde is.” Nou kom Jesus en sê: “Nee, jy is op die aarde om 'n lig te wees! Dit is jou identiteit.” Die God deur Wie ons geskep is en deur Wie ons verlos is, het ook die reg om ons identiteit te bepaal. Moet dus nie iets anders probeer wees as wat die Here van jou gemaak het nie.

Wat beteken dit om 'n lig te wees? 'n Lig het destyds dieselfde waarde gehad as vandag. Dink aan iemand wat in die donker loop. Hy dink hy loop op die regte pad, maar hy kan nie seker wees nie, want alles is donker. Dan kom daar iemand anders met 'n lig – en die hele omgewing word verlig. Ewe skielik kan die eerste persoon duidelik sien. Hy het insig gekry. Hy het dinge gesien soos wat dit werklik is. Iemand wat in die donker lewe, sien dinge dikwels onvolledig. Hy kan 'n saak nie binne sy konteks en tydsgewrig verstaan nie; hy verstaan ook nie wat die faktore is wat inspeel op daardie saak nie; inderdaad, hy sit met drogredenاسies.

Dit is ons taak om 'n liggewende invloed te hê op alle mense om ons. Daar staan: “...en dit gee lig vir almal in die huis.” Die kerk is een van die min samelewingsgroepe wat nie vir eie gewin bestaan nie – maar vir ander. Ons werkterrein is die wêreld! Die probleem is dat ons die meeste van ons tyd en energie aan ons persoonlik spandeer. Dit bring mee dat die kerk eerder 'n arbeidsveld as 'n arbeidsmag is!

Hoe is ek 'n lig? Onthou: Jesus is die eintlike lig, en ons kan alleen 'n lig wees as ons in verbondenheid met Hom leef. Ons word al hoe meer na sy beeld herskape, sodat sy eienskappe ook ons eienskappe word. Dieselfde soort lig wat Hy uitstraal, moet ons dus ook uitstraal. Dink nou bietjie hoe Jesus sy lig laat skyn het! Hy het deur sy gesprekke en dade soveel mense tot 'n ander insig gebring. Hy het vir hulle 'n nuwe koers aangedui – wat hulle met vreugde vervul het. Dit is ons taak – ook vir vandag.

Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)